RESENSIES

Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis: 1988/I.

VOORTREFLIKE STUDIE OOR SWART/WIT VERHOUDINGE

ONRUS OP OOSGRENS ONDER VERGROOTGLAS

In 'n nabaatse huldigingswoord, wat eintlik gemik is op die vorige jaargang se uitgawes in die reeks **Afriefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis**, maak die Argiefkommissie daarop aanspraak dat die reeks 'n beeld gee aan die omvang en gehalte van historiese navorsing en geskiedskrywing in Suid-Afrika. Die aanspraak ten opsigte van omvang hou nie steek nie, maar die rakende gehalte is beslis stewig gefundeer. Die eerste uitgawe waarmee die tweede halfeeu van die reeks ingelui word, J.G. Pretorius se werk **The British Humanitarians and the Cape Eastern Frontier, 1834-1836*** sit hierdie tradisie van gehalte-werk op voortreflike wyse voort.

Hoewel skynbaar toevallig, is dit insiggewend dat Pretorius se studie die lig gesien het in die jaar van die honderd-en-vyftigste herdenking van die Groot Trek. Die sake wat in hierdie studie aangespreek word, hou ook ten nouste verband met die groot landsverhuising van Afrikaner-koloniste uit die Kaapse grensdistrikte.

In den brede gaan dit in Pretorius se studie om die plofbare situasie wat ontwikkel het toe migrerende Swart volke vanuit die Noorde en immer-verdertrekkende koloniste se botsende belange nie meer in en deur die bepaalde opset geakkommodeer kon word nie.

Meer in die besonder val die skrywer se kollig skerp op regeringsbeleid en optrede en op die rol wat Britse humaniste, veral geestelikes, in die formulering

--------------

* J.G. Pretorius, 1988. "The British Humanitarians and the Cape Eastern Frontier, 1834-1836." **Archives Year Book for South African History**, 51st year vol.1. Government Printer.

en implementering van destydse regeringsbeleid gespeel het. In die proses het hy diep in primêre en sekondêre bronne gaan delf, het hy knaphandig die beginsels van die historiese kritiek toegepas om eventueel vorendag te kom met 'n verhalende werk wat nie net vlot en gemaklik lees nie, maar wat ook in verklaring en beoordeling aan die hoogste vereistes van die vakwetenskap voldoen.

As vertrekpunt vir die studie is geneem die aanspraak van die Britse sendelinge dat hulle nie alleen "the seeds of civilization, social order and happiness" versprei nie, maar inderdaad Britse belange, Britse invloed en die Britse Ryke uitdra. Met vaardige pen dui die skrywer aan hoedat Britse humaniste daarin geslaag het om die Britse koloniale beleid na eie sin en smaak te laat ontplooi. In hierdie opsig het niemand 'n groter rol gespeel nie as die bekende dr. John Philip, superintendent van die Londense Sendinggenootskap in Suid-Afrika. Hy en sy geesgenote het hulleself en hul sendingstasies as verlengstukke en skakels in die regeringstelsel beskou. Deur taktiese en selektiewe beïnvloeding van humanistiese drukgroepe en leidende personalia in die Britse parlement was dr. Philip in staat "to exercise a direct influence on the formation of frontier and other policies for the Cape to a degree that no private individual had ever been able to equal before" (p.8). Dr. Philip se welslae was veral te danke aan die toegeneë oor wat hy by Lord Glenelg (vanaf April 1835 Staatsekretaris vir Kolonies) en by die invloedryke parlementêre leier van die anti-slawernybeweging, T.F. Buxton, gekry het.

In sy "kruistog" ten behoewe van die anderskleuriges het dr. Philip hom nie net teen die Afrikaner-koloniste gerig nie, maar het hy en sy helpers ook nie gehuiwer om die plaaslike regering aan te durf nie - veral omdat goewerneur Benjamin D'Urban en sy regering nie beïnvloedbaar was nie: "The machinery they were able to set in motion was much stronger than the forces their opponents, in this case, Sir Benjamin D'Urban and his supporters, could hope to muster" (p.13).

Die uitbreek van die Sesde Grensoorlog het die filantrope se saak bevorder en is inderdaad deur hulle verwelkom, as synde in belang van "die saak" (p.13.)

In Hoofstuk 2 toon Pretorius aan hoedat die weifelende en wisselende regeringsbeleid ten opsigte van die verhouding tussen Wit en Swart op die

grens tot 'n groot mate die Sesde Grensoorlog (1834) veroorsaak het. Die rol wat natuurlike faktore, soos droogte ("drought is no respecter of political boundaries" - p.21) en sprinkane gespeel het, asook die sterk handelsgerigtheid van die filantrope - getuig hul verset teen die verbod op wapenlewering aan die Swart stamme - word ook aangesny. Laasgenoemde houding word deur die skrywer as "wishful thinking" bestempel, gedagtig aan die moontlike gevolge as dié wapens in onderlinge twiste aangewend sou word: "The fate of the Maoris in New Zealand affords a good illustration of the results of the short-sightedness and irresponsibility of European seekers of gain" (p.22).

Die skrywer behandel verder agtereenvolgens die oorlog self (Hoofstuk 3) en die daaropvolgende grensreëlings van Sir Benjamin D'Urban, met die proklamasie van die Provinsie van Koningin Adelaide in Xhosaland (Hoofstuk 4). Die volle impak en geweld van die filantropiese invloed aan die Kaap kom baie sterk na vore as die reaksie op D'Urban se grensreëlings indringend ontleed word. D'Urban self het dit eers ten volle besef toe hy kort hierna herroep is (Hoofstuk 5). Onder leiding van dr. Philip en Buxton is 'n intensiewe beïnvloedingsveldtog geloods en het D'Urban hom, grootliks onbewustelik, as beskuldigde in 'n "hofsaak" bevind. Te meer so toe onvoldoende en verdraaide amptelike inligting oor die omstandighede rondom die omstrede dood van Xhosa-opperhoof, Hintza, aan die lig gekom en Glenelg en die Britse regering met teenstellende filantropiese data bestook is (Hoofstuk 6).

Tergende vrae rondom die Hintza-geval word aan die orde gestel: Was Hintza 'n "politieke" gevangene? Is hy tydens sodanige "gevangeneskap" geïntimideer? Is hy koelbloedig doodgeskiet (deur die kop) terwyl hy om genade gesmeek het? Is sy lyk geskend deurdat sy ore afgesny is om as aandenkings te dien?

Pretorius moes fyn trap "because the various accounts given by the major actors and eye-witnesses are so interspersed with inaccuracies, omission and misrepresentations" (p.190).

In die bespreking rondom hierdie vrae (80 bladsye) toon Pretorius dat hy historikus van formaat is. Hy weeg en ontleed alle beskikbare getuienis op 'n

onderhoudende wyse en as hy tot verklaring en beoordeling oorgaan, dra sy bevindinge die stempel van gesag. Sy bydrae hier is kennelik 'n uitvloeisel van die saadjie wat deur prof. C.J. Uys in 'n artikelreeks in 1943 geplant is - dalk te meer so omdat die breë geskiedkunde nie juis van Uys se onthullende bevindinge kennis geneem het nie (p.xiii).

Pretorius se bevindinge: Hintza is koelbloedig doodgeskiet, sy liggaam is geskend en sy pleidooie om genade het op dowe ore geval. Geen wonder nie dat D'Urban se voorstelling van Hintza as sondebok en sy verdraaide weergawe van gebeure blootgelê is, dat dit sy reedsafgetakelde beeld verder benadeel en sy herroeping verhaas het (p.178). Laasgenoemde feit verhef, volgens Pretorius, die Hintza-episode tot die hoofmoment van die Grensoorlog en wel omdat dit die kortstondige anneksasiebeleid van Sir D'Urban gekelder het (p.xiii).

Die ietwat onskuldige en onsydige wyse waarop die skrywer wonder "what the humanitarians would have been able to make of the incident if a Boer or Boers had been involved" (p.321), spreek boekdele. In hierdie saak was dit egter D'Urban ("the proud oppressor in Africa") wat aan die kortste ent getrek het in wat bestempel is as "a noble victory of right over might" (p.319).

Die feit dat die gediskrediteerde D'Urban ongeveer 'n dekade later gelyk gegee sou word wat betref sy na-oorlogse grensbeleid word deur die skrywer as "the irony of history" bestempel (p.176). Net so insiggewend is die feit dat D'Urban in die breë as kampvegter vir die "unfortunate colonists" (p.317) opgetree het, teen die verdenkinge wat deur die filantrope gesaai is. D'Urban het nie geskroom om Glenelg op die vingers te tik nie, oor die gebrek aan simpatie vir die koloniste terwyl hy dit so oorvloediglik jeens "the treacherous and aggressive enemy" (Xhosas) openbaar het (p.318).

Die studie sluit af deur daarop te wys dat die filantrope se invloed in hierdie tyd op sy hoogtepunt was en dat dit spoedig hierna sou begin taan (p.328).

Dit dien gemeld te word dat die werk onder bespreking nie nuwe navorsing vars uit die oond is nie, maar deur die outeur self getipeer word as "essentially a product of the research of the 1960's" (p.xv). Die Voorwoord dra die datum

1 Januarie 1970 en dit is gevolglik nodig gevind om, met die oog op publikasie, groter relevansie aan die werk te verleen.

Vooraf word dus 'n kort oorsig gegee van die geskiedskrywing wat sedert 1970 oor die Oosgrens onderneem is met 'n vlugtige evaluering van die karakter van die verskillende "skole" in die Suid-Afrikaanse historiografie: die konserwatiewe, blankgerigte groep (hoofsaaklik Afrikaners), die liberale, maar tog ook blankgeoriënteerde Engelstaliges en die jongste toevoeging sedert die sewentigerjare, die sogenaamde radikales. H.M. Wright (The burden of the present: liberal-radical controversy over Southern Africa history) se kritiek op die radikales en veral die tendensieuse neigings om die Afrikaner te gésel en die swartes as onskuldiges voor te hou, word stilswygend-instemmend deur Pretorius oorgedra (p.xvi-xvii).

Vyf insiggewende dokumente is as bylaes aangeheg terwyl 'n aantal foto's, sketse, afdrukke en 'n kaart die interessantheid van die werk verhoog. Die gewone bronnelys en 'n indeks is ook aanwesig, met 'n handige alfabetiese register (volgens outeur) van al die historiese werke wat in die reeks gepubliseer is. Die boek is in die kenmerkende, stewige groen band gebind.

P.F. VAN DER SCHYFF
Departement Geskiedenis, Potchefstroomse Universiteit vir CHO

LANGLEY, M.R. 1989. **Guillaume Groen van Prinsterer (1801-1876). Vader van die anti-revolusionêre reformatoriese politiek.** Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO. Reeks F2: Brosjures van die Instituut vir Reformatoriese Studie. Nommer 47. Potchefstroom : PU vir CHO.

**Groen van Prinsterer** is 'n bekoorlike boekie en wil niks meer as dit wees nie. Dis 'n Afrikaanse vertaling van 'n artikel deur M.R. Langley, Nuusredakteur van die **Eternity**. Langley lewer hier 'n stukkie ongekompliseerde hagiografie oor iemand wat dieselfde anti-rewolusionêre belange het as hy, die IRS en die leserskring waarvoor hy skryf.

Hagiografie hoef egter nie onaptytlik te wees nie. Die boekie bring inderdaad interessante insigte in die krag van lede-vroomheid na vore. Dit toon hoe Groen 'n konserwatiewe teologie met 'n ontwikkelende sosiale bewussyn gekombineer het.

Wat veral aantreklik voorgestel word, is die identifikasie van anti-rewolusionêre denke met intelligente denke. Groen was nie maar 'n dom en naïewe leek wat te onoorspronklik was om aan 'n alternatief op die status quo te dink nie. Volgens die boekie was hy 'n dinamiese persoon, wat intelligente politieke oordele kon fel.

My enigste beswaar teen die boekie is dat daar te veel in Bybeltaal oor Groen gepraat word en dat sy politieke standpunt nie werklik duidelik uitgespel word nie.

Die boekie se taal (vertaling) is keurig, en die gang daarvan vinnig genoeg om 'n mens te laat aanhou lees tot op die laaste bladsy - wat bladsy vyftien is.

C. LANDMAN
Kerkgeskiedenis, Unisa.